**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)**

I.1.12 VOL. 89 PG. 4447-4462.

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1986-05-20

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

89

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 89 (IN CAMERA-GETUIE NR. 15)

(Bladsye 4 447 - 4 462 )

MNR. JACOBS: U Edele, die volgende getuie is ek baie ernstig versoek dat ek by die Hof aansoek doen dat die getuie sy getuienis in camera gee.

HOF: Wel, die versoek word nou gerig. Die Hof sal nou eers ontruim word. Die pers word versoek om die Hof te verlaat en ander persone wat nie by die saak betrokke is nie, moet dit ook verlaat.

HOF IN CAMERA

MNR. JACOBS: Ek het self die omstandighede van 'n vorige persoon wat in camera getuienis gegee het, was verduidelik hier, maar hierdie persoon wat nou sal getuienis gee is in 'n baie delikate posisie en hy dring nog steeds aan dat hy in camera gee en dat mense hom nie sal herken wat nie by die saak betrokke is nie. Hy sê dat sy lewe is beslis in gevaar. U sal sien hy gaan op vier bande identifikasie doen waar hy ook prominent deelgeneem het aan die aktiwiteite en veral die singery in hierdie vergaderings. So, hy is alom bekend en hy sê dat hy het in koerante en selfs op ander plekke gehoor dat mense wat verbonde is en wat getuienis gee in hierdie sake word, soos hulle dit noem, ge"necklace." Die persoon, as ek dit net mag noem, het ook weer familiebande, positiewe kontakte met die ANC, daarom is hy nog in 'n groter vrees vir sy lewe as hy getuienis gee in hierdie politieke tipe sake.

COURT: Mr Bizos?

MR BIZOS: My Lord, we object to this. I do not know what My Learned Friend refers to "positiewe kontak met die ANC". If this person was in the ANC and he has defected, then in terms of Your Lordship's ruling there is nothing more to be said. I do not know what this statement means. I submit, with respect, Your Lordship will not grant the application without hearing the witness and enquiring whether there is - the protection that has been granted to witnesses that their names are not published, is not going to be enough. That is all I wish to say.

HOF/..

HOF: Die getuie sal binnekom. (In camera-getuie kom hof binne.)

HOF AAN GETUIE IN CAMERA: Sal u net u naam hierop skryf, asseblief. (Getuie doen dit.)

Die Staatsaanklaer het my meegedeel dat u versoek om in camera te getuig. Dit wil voorkom asof u oor vier videobande baan getuig wat verband hou met vier vergaderings. Weet u daarvan? -- Ja.

Is dit die vergadering van die "16th June Commemoration" in Regina Mundi Kerk? -- Ja.

Die "Inauguration of Alexandra Youth Congress", dan "UDF, AZASO Protest Meeting" en 'n "RMC Meeting, Regina Mundi"? -- Ja.

Ek het hierdie gegewens, mnr. Bizos, omdat my klerk die dokumente op my tafel neergesit het.

MR BIZOS: Yes. Could you tell us which one it is? If we could just have the V number.

COURT: It is V13, V3, V4 and V10. They have been put on my desk by my clerk.

Kan u vir my sê waarom u in camera wil getuig? -- Ek is bang vir my lewe, dat ek gaan beseer word.

Waarom dink u u sal beseer word? -- Omdat ek weet van baie persone wat getuienis gegee het en die persone was beseer gewees. Tweedens, ek is baie goed bekend in Soweto.

Woon u in Soweto? -- Ja.

Werk u ook daar? -- Nee, ek werk nie.

Weet u persoonlik van mense wat beseer is wat getuienis gegee het? -- Ja.

Wie? -- Mtembu.

Wie is Mtembu? -- Hy is net aan my bekend as Mtembu. Ek weet nie wat sy voornaam is nie.

Waar is hy beseer? -- By sy huis.

Lank gelede? -- Ja, dit is lank.

As u nou sou getuig en ek beveel dat u naam nie in die

koerant/..

koerant kom nie, sal dit nie die probleem oplos nie? Dit beteken dan dat die publiek wel die verhoor kan bywoon, maar u naam word nie gemeld in die hofsaak nie en u naam word ook nie gepubliseer nie. -- Nee, dit sal nie help nie.

Waarom sê u dit sal nie help nie? -- Want ek is bekend aan meeste van die mense.

Hoe lank woon u al in Soweto? -- "Since 1954."

Het u 'n aktiewe rol gespeel by die soort vergaderings waaroor u moet gaan getuig? -- Ja.

Watse soort rol? -- Die singery en die verspreiding van pamflette.

Is u al lankal op die politieke toneel, met politieke bedrywighede doenig? -- Ja, dit is lank.

Hier is melding gemaak dat daar 'n verband is tussen u familie en die ANC, is dit so? -- Ja.

Wat is die verband? -- My pa was in die "executive" van die "Transvaal branch".

Nog iets? -- My drie ouer broers is buite die land.

Met die ANC? -- Ja.

Het u self bande met die ANC? -- Ja, ek het.

Watse bande het u? -- Ek aanvaar die "aims" en "objects" van die ANC en ek glo aan baie aan hierdie dokument van hulle, naamlik die Freedom Charter.

Is daar nog iets wat u wil sê? -- Nee, dit is al.

My reëling is dat die verhoor <u>in camera</u> sal geskied.

<u>HOF VERDAAG VIR TEE</u>. <u>HOF HERVAT</u>.

<u>HOF</u>: U sal bekend staan as <u>IN CAMERA-GETUIE NR. 15</u>.

<u>MR BIZOS</u>: Did Your Lordship order the press to be out?

<u>COURT</u>: No, only for the hearing as such, not for the duration. This will be dealt with on the same basis as all the others.

<u>MR BIZOS</u>: Because apparently they have been told, I was told,

that/..

that they were to be excluded.

COURT: Not by me. U kan hulle maar in kennis laat stel, mnr. Jacobs.

IN CAMERA-GETUIE NR. 15 v.o.e. (Deur Tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: U Edele, die eerste vergadering wat ons mee gaan begin sal dan die een wees op BEWYSSTUK V13.

HOF: Gaan die band ook daardie nommer hê?

MNR. JACOBS: Die band gaan BEWYSSTUK 13 wees.

Op 8 Julie 1984 het jy 'n vergadering van RMC, "Release Mandela Campaign"-vergadering bygewoon in Regina Mundi Kerk. -- Ja, ek het.

Dit is in Soweto. Hoe laat het die vergadering begin? -- Om en by twaalfuur.

Was die vergadering vooraf geadverteer? -- Ja.

Toe jy by die saal opgedaag het, kan jy vir ons sê wat het jy daar gevind? -- Daar was baie mense gewees en hulle was besig om te sing.

Wat het hulle gesing? -- Freedom Songs.

Kan jy vir ons sê, was hierdie saal enigsins opgemaak gewees? -- Ja, "banners", plakkate.

Wie se baniere en plakkate was daar op gewees, kan jy onthou? -- RMC, UDF en nog ander wat ek nie meer kan onthou nie.

Het jy gaan plek inneem daar in die saal? -- Ja, ek het.

Waar het jy gaan plek inneem? -- Ek het heel voor gaan sit naby die verhoog waar die sprekers gesit het.

Kan jy onthou by hierdie vergadering, was daar enigiets versprei onder die mense? -- Nee, ek kan dit nie onthou nie.

Die sprekers het op die verhoog gesit, is dit reg? -- Ja.

Kan jy onthou wie die sprekers was wat opgetree het? Van hulle as jy nie almal kan onthou nie. -- Dorothy Nyembe, Mewa Ramgobin. Ek kan nie die ander onthou nie.

Tydens/..

Tydens hierdie vergadering, was daar ook tydens die vergadering vryheidsliedere gesing of wat? -- Ja.

Het jy deelgeneem aan die sing van die vryheidsliedere daar? -- Ek was die leier van daardie singery.

Ek gaan met verlof van die Hof hierso 'n kassetopname speel van die gebeure. Ek wil hê jy moet daarna kyk en as daar enigiets kom wat jy identifiseer, stop die verrigtinge en wys uit aan die Hof wat jy kan onthou op daardie vergadering.

U Edele, die band wat in hierdie verband gebruik word is verseël in die koevert weer met polisieseël 1141 en wat op (10) die koevert aangebring is, is "oorspronklike video gemerk" in groen pen op videohouer "Copy 625 PA Hi Band - Speech by Mewa Ramgobin at Regina Mundi, Soweto 8 July 1984, Release Mandela Campaign" en dan onder "Harris Upitn." Ek sal dan die band verwyder. Die houer van hierdie kasset, staan bo-op "Sony video cassette designed also for still-picture production, KCS20." Dan staan daar "Copy 625 PA" en dan net onder dit geskryf "Hi Band" en dan "Speech by Mewa Ramgobin at Regina Mundi Soweto, July 8 1984, Release Mandela Campaign" en dan weer daardie "Harris Upitn." Dan die kasset self is weer "Sony video (20) cassette designed for still-picture reproduction, KCS20, Umatic." En dan staan hierop "Mewa Ramgobin, Regina Mundi, 1984-07-08, copy." Dit is wat op die etiket aangebring is hierso.

HOF: Watter nommer gaan dit kry?

MNR. JACOBS: Dit gaan BEWYSSTUK 13 wees.

HOF: Sal u dit merk, asseblief. Getuie, u kan sit tydens die speel van die video. Wanneer u toegespreek word of 'n opmerking wil maak of iets wil sê, moet u staan.

MNR. JACOBS: U Edele, ek het die kasset sowel as die houer gemerk BEWYSSTUK 13. (30)

HOF: In watter masjien speel ons die kasset?

OPERATEUR/..

OPERATEUR: Dit is 'n Sony Umatic en die modelnommer VO/2630.

HOF: Die band word gespeel, dit word genotuleer, op 'n Sony Umatic model VO/2630. Werk hy ook met nommering? Dit word genotuleer dat die masjien slegs kan gaan tot 999 en dat hy dan omslaan en weer by nul begin.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 18. (Operateur ondervind probleme.) Is daar 'n probleem met die masjien?

OPERATEUR: Dit lyk vir my hy wil nie die beeld hou op die ...

HOF: Daar begin hy. U bedoel hy wil hom nie stilhou nie? Goed, ons het nou die beeld. Wat wil u vra oor die beeld?

MNR. JACOBS: Kan u net vir ons sê, u het nou gesien daar waar hy begin, is dit die betrokke saal, identifiseer u die saal en wie is die persoon wat dan daar praat? -- Mewa Ramgobin is die persoon wat praat.

Herken jy die saal daar? -- Ja.

Daar waar hy begin praat het, was daar agter hom ook blykbaar 'n groot banier gewees. -- Ja. Dit is die RMC "banner".

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 34. -- Ek onthou dat hierdie spreker gepraat het van Hector Petersen.

HOF: En die spreker is Mewa Ramgobin? -- Ja.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 65. -- Ek onthou dat hy ook van die "Rivonia trial" gepraat het.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 405. -- Speel hom terug, asseblief. (Videoband word net 'n rapsie teruggespeel - stop.) Ek onthou die vroumens wat nou op die beeld is daar. Sy was ook teenwoordig by hierdie vergadering.

Ken u haar naam? -- Sy is aan my bekend as June.

Het u haar van? -- Ja, haar van is Mlangeni.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 436 is die einde van hierdie videoband.

MNR. JACOBS: Jy het nou gekyk na die videoband. Kan jy net aan

die/..

die Hof bevestig, is dit die toespraak wat mnr. Ramgobin op daardie besondere vergadering gelewer het, of 'n gedeelte van die toespraak? -- Ek kan nie presies onthou wat hy gesê het in sy toespraak nie, soos dit nou hier herhaal word in hierdie video, maar ek kan wel onthou dat hy melding gemaak het van Hector Petersen en ook van die Rivonia "trial".

Kan jy onthou dat hy het daar 'n toespraak gelewer? -- Ja.

Goed, ons sal na die volgende een toe gaan, dit sal BEWYSSTUK V3 wees.

HOF: En die bewysstuknommer gaan wees?

MNR. JACOBS: BEWYSSTUK 3. Ek mag net meld dat die datum wat daar gegee word is 1983-10-29. Dit is eintlik 1983-11-03 lyk dit vir my is die korrekte datum. Op 1983-11-03 het u 'n gesamentlike vergadering van UDF en AZASO om te protesteer teen die studente wat gedood is in Ngoya-universiteit, bygewoon? -- Ja, ek was.

Waar was die vergadering gehou? -- Khotso House.

Is dit 'n saal daarso in Khotso House? -- Ja, daar is.

Dié Khotso House, is dit die gebou waar UDF sy hoofkwartiere het? -- Ek weet nie of UDF kantore daar het nie. Wat ek wel van weet is dat daar kantore is vir die Black Sash en die SACC.

Jy sê jy het die vergadering daar bygewoon. Hoe laat het jy daar aangekom? -- 12h30 in die dag.

Is jy toe na die saal toe? -- Ja.

By die saal, het jy enigiets opgemerk daar? -- Ja, toe ek die saal binnegekom het by die ingang aan my regterkant was daar 'n tafel gewees met pamflette.

Ja? -- Daar was baie mense in die saal. Die mense was soveel gewees dat van hulle op die vloer gesit het terwyl die ander op die stoele gesit het. Daar was toe mense gewees wat by die tafels gesit het, dit is nou die sprekers wat by daardie tafels gesit het.

HOF: Is dit op 'n verhoog? -- Nee, daar is nie 'n verhoog nie. Daar was net tafels heel voor gewees waar die sprekers gesit het.

MNR. JACOBS: Kan jy vir die Hof sê is daar enigiets behalwe die pamflette, is daar enigiets anders uitgedeel wat in die besonder.. -- Ek is die persoon wat by die deur gestaan en wag het vir die mense wat inkom. Diegene wat inkom het ek 'n swart lap aan die linkerarm opgesit as 'n teken van rou (getuie noem dit 'n roulap).

Kan jy vir ons verder sê in die vergadering was daar gesing gewees? -- By hierdie vergadering eintlik wat ek sal sê ek het die meeste van die singery gelei.

Watse liedere het julle gesing wat jy gelei het? -- Freedom Songs.

HOF: Het u die singery gelei uit u eie beweging of is dit afgespreek vooraf dat u die singery sou lei? -- Uit my eie het ek besluit om dit te doen.

MNR. JACOBS: Was daar met die singery al begin voordat die sprekers begin praat het? -- Wat gebeur het, is tussen twee sprekers het ek altyd 'n lied begin, dit wil sê na die ander een gepraat het, net voor die ander een begin, het ek 'n lied begin.

Kan jy onthou terwyl jy roubande uitgedeel het aan die mense by die deure, of die ander mense in die saal toe gesing het? -- Ek het binne die saal gestaan en wag vir die mense met die roubande en terwyl ek dit so uitgereik het aan die mense, dit singery was alreeds aan die gang gewees.

Kan jy onthou wie was die sprekers wat daar by die sprekerstafel vergader het en toesprake gelewer het? -- Ek onthou Frank Chikane en Popo Molefe, maar hy was nie 'n spreker gewees nie. Hy het net gelees daar, dit wil sê die "messages of support" van ander organisasies.

Ek gaan nou weer 'n verdere videokasset oopmaak ..

HOF: Die Popo Molefe, sien jy hom in die hof? -- Ja, ek sien hom.

Nr. 19. Is dit hy? -- Ja, dit is hy.

MNR. JACOBS: Ek gaan nou weer 'n kasset hierso gebruik, hier speel. Ek wil weer vir jou vra om vir die Hof die aspekte wat jy kan - die saal en die toneel daar te identifiseer, dan moet jy die masjien stop en dan vra dat dit gespeel word - dan verduidelik jy. As jy jouself op die band sien by van die tonele, wys dit uit vir die Hof. U Edele, dit is weer 'n verseëlde koevert met polisie-seël 1141 gemerk bo-op "oorspronklike video gemerk: op agterkant 'Alex 70th Anniversary ...'"

HOF: Wag net so 'n bietjie. Waarmee is u nou besig? Is dit Alex 70th Anniversary?

MNR. JACOBS: Ja, dit is wat hier staan. Ek wil net seker maak weer, want ongelukkig hierdie goed was geseël, ek kan hulle nie korreleer nie.

HOF: Nou maar as dit agterop dit staan, dan het dit seker met V4 te doen en nie met V3 nie, want u is nou besig met V3.

MNR. JACOBS: Ek het die koevert uitgehaal uit hierdie koevert wat buite op gemerk was - net om die goed bymekaar te hou - V3, UDF/AZASO Protest Meeting ...

HOF: Gooi maar die koevert weg wat nie verseël is nie en kry nou 'n ding wat verseël is.

MNR. JACOBS: Daaruit het hierdie een gekom. Ek wonder of ek met verlof van die Hof dit net kan speel en oopmaak dat ek seker maak van hom. Ek gaan dan net gee wat hierop staan.

HOF: Wel, u moet dit maar gee, dan gee ons hom maar 'n bewysstuk-nommer en dan kyk ons of dit klop. Wat staan op daardie een?

MNR. JACOBS: Agterkant "Alex 70th Anniversary" en dan die woord "Half" en dan nr. 15 en plakker met nr. 114 op. U Edele, ek wonder kan ek net - die nommer 114 is 'n inventarisnommer, of ek net dit miskien kan - om nie netnou onnodig vir die Hof te laat kyk na 'n ding nie, net vasstel of dit vergelyk met die inventaris.

HOF/...

HOF: Gaan dit lank duur of wil u 'n verdaging hê?

MNR. JACOBS: Ek sal 'n verdaging van, sê, so 5 minute vra, dan sal ek dit seker kan regkry.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

IN CAMERA-GETUIE NR. 15 (Nog onder eed)

MNR. JACOBS: Blykbaar is dit die band wat 'n mens die eerste deel wat irrelevant is, dan vinnig deurgegaan word en dan kom onsℓ by die regte deel.

HOF: Wat staan nou op die koevert buite?

MNR. JACOBS: Op die agterkant - hy is gemerk "Oorspronklike video gemerk: Op agterkant 'Alex 70th Anniversary" en dan die gewone "Half nr. 15".

HOF: En 'n 114-plakker, is dit al?

MNR. JACOBS: 'n 114-plakker.

HOF: Goed, nou breek u die koevert oop.

MR BIZOS: My Lord, the accused were caught unawares by the call to be back. Sorry about that. We did not ..

COURT: Well, they should not have disappeared. Yes?

MNR. JACOBS: Op die band staan dan "Alex 70th .."

HOF: Op die band self, die kasset?

MNR. JACOBS: Ja, op die kasset, die agterkant is 'n etiket aangebring.

HOF: Wat staan daarop?

MNR. JACOBS: Op die boonste deel staan "Alex 70th Anniversary" en dan die "Half" en dan is daar nr. 15 en hier staan 'n etiket met die 114 op, 'n plakkertjie op.

HOF: Is dit al?

MNR. JACOBS: Dit is al. Dan is daar net ...

HOF: Sal u dit asseblief merk.

MNR. JACOBS: Daar is net 'n groot D8. Dit was in 'n ander hof gebruik gewees.

HOF/..

HOF: D8. Dit word dan bewysstuknommer?

MNR. JACOBS: 3.

HOF: Mag ons net hoor op watter masjien ons daardie kasset speel.

OPERATEUR: Dit is 'n JVC modelnommer HR/D120ES.

HOF: En hy het dieselfde nommeringpatroon?

OPERATEUR: Dit is korrek.

HOF: U mag sit terwyl die ding vertoon word.

MR BIZOS: I regret that Your Lordship cannot do the same, but I am told that that flickering is very bad for one's eyes.

COURT: Yes, I am sure. I have a headache at night.

Dit is 'n gedeelte waar u nie belang by het nie, mnr. Jacobs, wat oor Alex 70th Anniversary handel?

MNR. JACOBS: Dit is reg.

HOF: Moet ons ...

MNR. JACOBS: Kan ons die nommers miskien neem vir die rekord.

HOF: Wat is die nommer waarop ons hom begin?

OPERATEUR: Nul.

HOF: Goed, en sal u hom so vinnig moontlik aanstoot tot u 'n ander vergadering of singery of wat ook al raakloop. (Video word
K278 vinnig vorentoe gespeel - stop.)

Nr 2210 - dit is die begin van die deel van die band waarin die Staat geïnteresseerd is. (Videoband word gespeel - stop). Nr. 2214. -- Ek is die persoon met die blou hemp daar.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 2224. Wat is dit wat julle daar sing of skree? -- Dit is die "slogan" wat ons daar maak.

Wat is die naam van die "slogan". -- Dié praat van Oliver Tambo, dat hy is onse vader.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 2240. -- Ek onthou die persoon jou op die beeld. Dit is Oupa Monareng.

Was hy 'n spreker? -- Ja.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 2360. -- Ek is die

persoon/..

persoon daar.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL): Wat is die woorde wat julle sing? -- "Asuafuna mawela shona."

Wat beteken dit? -- Ons soek nie die "infiltrators" nie.

MNR. JACOBS: Ek sien jy sê dat die bande, die roubande, wat jy van gepraat het - blykbaar in jou hand was daar een. Die beeld het nou net 'n bietjie vinnig gegaan. Is dit die roubande wat jy van gepraat het? -- Ja, dit is.

MR BIZOS: Has Your Lordship's copy been corrected to "vacillators"?

COURT: At what page?

MR BIZOS: Page 3 at the bottom of the page.

COURT: I have "unknown chanter" - what has to be corrected?

MR BIZOS: "We do not want westerners".

COURT: What should it be there?

MR BIZOS: On our instructions ...

COURT: "Vacillators" Infiltrators he says. Vacillators.

MR BIZOS: This is why - on the copy that I have the word "westerners" has been struck out and "vacillators" has been put in.

HOF: Ja, speel maar voort. (Video word gespeel - stop.) Het hierdie woorde "hi-hi" 'n betekenis of nie? -- Dit is net woorde wat in hierdie - hi-hi. Dit is net woorde wat ons bygevoeg het in hierdie singery dat daardie lied 'n bietjie meer woorde het.

Dit is net lekker woorde? -- Ja.

MR BIZOS: Perhaps, My Lord, similar to the "hey-hey" of the Beatles, that was the - "hey-hey" was - that was the adding, the sort of in between ..

HOF: (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 2419. -- Dit is ek daardie. Speel hom terug.

Nee, ons aanvaar dat dit sy rug is. (Videoband word

gespeel/..

gespeel - stop.) Wat is die eerste woord voor "voertsek, voertsek." Nr. 2430. -- Hier sing ons oor die "homeland leaders". Nou ons in die agtergrond sê hulle moet voertsek, byvoorbeeld soos Mantanzima, Mpephu, Cebe en die ander.

Word hulle almal opgenoem en almal gevoertsek? -- Ja, dat hulle voertsek.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 2465. Dit is nou op bladsy 4 van die "transcript" by "unknown speaker."

MR BIZOS: I have to ask one or two questions in relation to this point, My Lord, that it would appear that this is not the person who addressed the audience earlier.

COURT: Oupa Monareng?

MR BIZOS: Oupa Monareng, yes.

HOF: Laat ons dit vir die getuie vra. Is dit Oupa Monareng? -- Nee, dit is nie Oupa Monareng nie.

Ken u hierdie persoon? -- Ek ken die persoon. Hy is eintlik 'n dokter, mediese praktisyn.

Weet u waarvandaan? -- Ek weet nie presies waarvandaan kom hy oorspronklik nie, maar hy was aan my bekend terwyl hy in Baragwanath was. Toe hy klaar gemaak het op skool was hy op Baragwanath.

Anything else you want to note, Mr Bizos?

MR BIZOS: No, My Lord. It may be convenient for Your Lordship to ask the witness. I do not want to - because we will have forgotten, that this is the beginning of the meeting and not when Monareng was on the platform. The chairman had not arrived in time and that was not the beginning of the meeting. He was just a stop gap to ..

COURT: While we are here I will ask the questions then.

Wanneer het die voorsitter van die vergadering opgedaag? -- Ek kan nie meer so goed onthou op watter stadium die persoon

daar/..

daar gekom het nie.

Sien ons die voorsitter op die beeld voor ons? -- Hy is die voorsitter daar wat daar staan, daardie dokter wat ek van praat.

O, die dokter is die voorsitter? -- Ja, hy is die voorsitter.

U weet nie wanneer hy gekom het nie? -- Ek kan nie onthou nie, miskien op die stadium wat ons besig was om te sing het hy daar opgedaag, maar ek kan nie sê nie.

Was hy al daar op die stadium toe Oupa Monareng gepraat het? -- Ek het nie so goed opgelet nie.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 2527. -- Ek onthou die persoon wat daar op die beeld is.

Ja? -- Muntumyeza is sy naam.

'n Spreker? -- Ja, hy was 'n spreker van AZAPO.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 2671. -- Ek onthou die persoon daarop die beeld. Dit is Aubrey Mokoena. Wat ek net nie kan onthou, of hy 'n spreker was daar al dan nie.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 2747. Ken u die persoon? -- Ja, dit is Popo.

Beskuldigde nr. 19? -- Ja, dit is nr. 19.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 2767. Ken u die persoon? -- Nee, ek ken nie die persoon nie.

Onthou u of hy daar gepraat het? -- Ja, dit lyk vir my hy het die "messages of support" gelees.

HOF VERDAAG VIR ETE. HOF HERVAT.

K279 IN CAMERA-GETUIE NR. 15 (Nog onder eed)

HOF: Ons was by 2767. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 3003.

MNR. JACOBS: Kan jy vir ons sê die persoon wat daar is, kan jy hom identifiseer? -- Ek weet nie wie die persoon is nie, maar ek onthou dat ek hom gesien het.

HOF: Daar? -- Ja.

As spreker? -- Ja.

Ja, ons/..

Ja, ons is nou op die stadium op bladsy 14 van die transkripsie, by Herbert Barnabas. Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 3147.

MNR. JACOBS: Is dit nou weer die persoon - wie is dit? -- Dit is Oupa Monareng.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 3311. Kan jy vir die Hof sê wie is die persoon wat nou 'n boodskap daar lees? -- Nee, ek ken nie die persoon nie.

Kan jy onthou dat hy wel daar 'n boodskap gelees het? -- Ja, ek onthou dit.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 3326. Kyk, op 'n stadium het jy vir die Hof hier gesê dat jy onthou die saal was so vol dat mense moes voor in die saal of aan die kant op die grond sit, is dit waarna jy verwys het, die mense wat so op die grond sit daarso? -- Ja.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 3338. Die persoon wat nou daar opgestaan het en gaan praat het, kan jy hom identifiseer? -- Ja, ek ken die persoon.

Wie is hy? -- Tiego Moseneke.

Weet jy van watter organisasie hy is? -- Hy is die president van AZASO.

Onthou jy dat hy daar 'n toespraak gemaak het? -- Ja.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 3493. Kan jy vir ons sê wie die persoon is wat nou gaan praat? -- Ek weet nie wat sy naam is nie.

Kan jy onthou dat hy toe wel daar gepraat het?-- Ja, ek onthou dit.

(Videoband word gespeel - stop.)Nr. 3624. Kan jy vir ons sê wie daardie persoon is wat nou 'n boodskap gaan lees? -- Ek onthou hom van sien. Ek kan net nie die naam onthou, wie hy is nie.

(Videoband/..

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 3894. Kan jy net vir ons sê, jy het nou hierdie video-opname gesien, is dit die vergadering wat jy nou bygewoon het, herken jy dit en identifiseer jy dit? Gebeure van daardie vergadering. -- Ja, dit is.

HOF: Was jy ook buite in die straat? -- Ja, ek onthou dat ek by die straat was, maar ek kan nie myself sien daar nie.

Maar het jy ook deelgeneem soos hierdie mense? -- Ja, ek was ook daar buite gewees.

OP HIERDIE STADIUM VERDAAG HOF TOT 1986-05-21 OM 09h00.

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989

### PUBLISHER:

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### LEGAL NOTICES:

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### DOCUMENT DETAILS:

*Document ID:-* **AK2117-I1-12-89**
*Document Title:-* **Vol 89 p 4447-44G2. Witness: IC15**